

Opsomming

Gelykbreekpunt

Die gelykbreekpunt kan in aantal eenhede sowel as in randwaarde bereken word. Die gelykbreekpunt is waar die totale ontvangstes gelyk is aan die totale koste.

Gelykbreekpunt in eenhede

Gelykbreekpunt in eenhede is die kleinste aantal eenhede van 'n produk wat gedurende 'n spesifieke tydperk verkoop moet word om te verseker dat die onderneming nie 'n verlies lei nie en in staat sal wees om alle kostes te verhaal (vaste en veranderlike kostes). In ander woorde, die aantal van eenhede wat vervaardig moet word om gelyk te breek - geen wins of verlies word gemaak nie.

$$\bullet \text{ Gelykbreek in eenhede} = \frac{\text{Totale vaste koste}}{\text{Marginale inkomste per eenheid}}$$

Marginale inkomste (bydra) per eenheid = Verkoopsprys per eenheid minus veranderlike koste per eenheid

- Vaste koste = Fabrieksbokoste + Admin. koste
- Verkoopsprys per eenheid = $\frac{\text{Verkope}}{\text{Totale aantal eenhede verkoop}}$
- Veranderlike koste = Direkte materiaal koste + Direkte arbeidskoste + Verkoopskoste
- Veranderlike koste per eenheid = $\frac{\text{Veranderlike koste}}{\text{Totale aantal eenhede vervaardig}}$
- Gelykbreek in Randwaarde
- Gelykbreek in Randwaarde = gelykbreekpunt in eenhede $\times$ verkoopsprys per eenheid.

Berekeninge

Direkte materiaal koste per eenheid = $\frac{\text{Direkte materiaal koste}}{\text{Totale eenhede vervaardig}}$	Direkte arbeidskoste per eenheid = $\frac{\text{Direkte arbeidskoste}}{\text{Totale eenhede vervaardig}}$
Fabrieksbokoste per eenheid = $\frac{\text{fabrieksbokoste}}{\text{tatale eenhede vervaardig}}$	Verkoops-en verspreidingskoste per eenheid = $\frac{\text{verkoops-en verspreidingskoste}}{\text{Totale eenhede verkoop}}$
Administratiewe kostes per eenheid = $\frac{\text{Administratiewe koste}}{\text{Totale eenhede verkoop}}$	Eenhedskoste = $\frac{\text{Totale vervaardigingskoste}}{\text{Totale eenhede vervaardig}}$
Veranderlike kosprys per eenheid Direkte materiaal koste per eenheid + Direkte arbeid koste per eenheid + verkoops-en verspreidingskoste per eenheid	Vaste koste per eenheid = Fabrieksbokoste per eenheid + administratiewe kostes per eenheid
Bydra per eenheid Verkoopsprys per eenheid – Veranderlike koste per eenheid	Gelykbreekpunt = $\frac{\text{Vaste koste}}{\text{Bydra per eenheid}}$